

## DIE FAMILIENAAM SMUTS

---

Die stamvader en stammoeder van hierdie familie word in 'n aantal publikasies van de Villiers/Pama, Colenbrander, en ander, aangegee as Michiel Cornelis Smuts en Cornelia Eenmaal wat, saam met hul drie seuns, voor die jaar 1692 (eintlik was dit 1696 of 1697) by die Kaap aangekom het vanaf Middelburg in Holland.

Verskeie lede van ons familie het vir 'n aantal jare in Europa, en veral in Holland, oorblyfsels van 'n Smuts familie gesoek, sonder enige sukses. Na regte is daar gesoek na iets wat nie bestaan het nie, want die van Smuts is eers in 1708 hier in Suid-Afrika deur die stamvader aangeneem. In Monterolle vanaf 1700 (wanneer sy naam vir eerste keer verskyn) tot 1706, kom sy naam net voor as Michiel Cornelisz(oon). In 1707 verskyn sy naam as Michiel Cornelis Smits, en in 1708 vir die eerste keer as Michiel Cornelis Smuts. Daarna het hy en sy kinders die van Smuts gebruik.

Hiervan kan afgelei word dat hy in Holland moes bekend gewees het as Michiel Cornelisz(oon), en vir spore van hom moes onder die naam gesoek word en nie onder die van Smuts nie. Maar, waar om te soek? Wat wel bekend was, was dat Cornelia 'n boorling was van Maastricht in Holland (soos sy verklaar het in die opgaaf van haar tweede huwelik in 1711 met Hendrik Schreuder), en dat sy met Michiel Cornelisz(oon) getroud is daar. Die datum van haar eerste huwelik kon by benadering afgelei word van die datum (1694) waarop haar tweede seun, Hermanus, gebore is.

Met behulp van hierdie inligting is in die Gemeente Archief van Maastricht die volgende opgaaf van hul huwelik in die Nederlandse Gereformeerde Kerk, Maastricht gevind:

Dit is 10 Oct 1695  
Michiel Ariënzen g. Ne  
van Loon opfank soldat  
onder de Compl. van de Rijks  
Cap. Wolfgang. in de  
Corstiaen Eiseker g. J.  
van Grifte volt (voornam)  
afhiss

Met die hulp van die personeel van die Gemeente Archief, Maastricht, is die ou Hollandse geskrif ontsyfer om te lees:

Den 19 Oktober 1685. Michiel Ariaensen jonge man van Loon opsant soldaat onder die kompanje van de Heer Csrpt. Woolfson met Cornelia Emael jonge dogter van Simpelvelt woonende alhier.

Opmerklik is dat die stamvader daarin aangegee word as Michiel Ariaensen.

In die opgaaf van die doop van sy eerste seun, Adriaan, word sy naam aangegee as Michiel Adriaans. Waarom hy hom hier aan die Kaap as Michiel Cornelisz(oon) voorgedoen het is 'n raaisel. Ook sal opgemerk word dat in die argiewe se opgaaf Cornelia se van as Emael aangegee word. Name is in die gebruik tot 'n groot mate verander hier aan die Kaap (b.v. Villion het Viljoen geword) en dit is dus nie verbasend dat haar van na Eenmaal verdraai is nie.

Simpelvelt is 'n klein dorpie ongeveer 20 km van Maastricht af, en was algeheel Rooms in daardie tyd. Cornelia se doop, asook die van haar broer Hermanus en haar suster Odilia verskyn dan ook in die register van die Roomse gemeente daar. Haar vader was Hermanus en haar moeder Catharina Spiets. Sy is op 14 Januarie 1666 gedoopt en dus heelwaarskynlik in 1665 gebore. Sy was dus 20 jaar oud toe sy getroud is.

Michiel en Cornelia se oudste seun Adriaan (wat heelwaarskynlik na sy oupa vernoem is, omdat Michiel ook as Michiel Ariaensen [of Adriaans] aangegee word) is in Maastricht gebore en op die 6de September 1686 in die Nederlandse Gereformeerde Kerk aldaar gedoopt.

Om inligting van Michiel se doop, ouers, ens. op te spoor, is verder gesoek in die Ryksarchief van 's Hertogenbosch, waar die registers van Loon Op Zand bewaar word. Dit was toevallig die eerste dag waarop die nuwe bewaarplek in De Citadel oopgestel is. Michiel Ariaensen kon nie gevind word nie, en ons was op daardie tyd nie bewus dat daar nog twee ander bewaarplekke bestaan waar registers van Loon Op Zand geberg word nie. Die bedoeling is om in die nabye toekoms hierdie navorsing waar te neem.

Dit is dus ook belangrik om daarop te let dat die van SMUTS in Suid- Afrika ontstaan het, en enige persoon ter wereld wat die van Smuts het, noodwendig van ons stamvader moet afstam.

'n Ander raaisel is dié van die welbekende Smuts familiewapen wat in die Bel-Krynauw versameling voorkom en waarvan 'n kopie in so baie huise hang. Ek het 'n brief in my besit afkomstig van die South African Heraldic Bureau, Kaapstad, gedateer 22 April 1919, waarin die wapen aangebied word aan my vader en waarin verklaar word dat: 'Geen moeite en onkoste is gespaar om die korrektheid daarvan te verseker nie, en daar is selfs sover gegaan om dit in die familiedokumente in Holland op te spoor'. Dit is 'n versinsel omdat daar nie so 'n van daar was nie.

*M. N. Smuts*